**Woensdag 16 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-18**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:9**

## Jesus het minder as engele geword om vir ons te ly en te sterwe

Wat is die mens dat God soveel vir ons omgee? Dat Jesus, die Seun van God, minder as engele gemaak word, toegelaat word dat Hy doodgaan – vir ander, vir my en jou?

Die bron van daardie onverstaanbare optrede van God is GENADE. God wat die oplossing vir ’n onoplosbare skande gee. Volmaakte skepsels van God, kroon van sy skeppingsplan, het hulle kosbare posisie weggesmyt. Eva, en saam met haar Adam, het meer begeer as waarmee die Skepper hulle geseën het. Daardeur het hulle alles verloor. Ongehoorsaamheid het ellende gebring.

In God se hart was reeds oor die oplossing besluit. Die doodstraf moes oorwin word. Nie veroordeling nie, maar begenadiging. Net een kon daardie oorwinning behaal. Jesus moes verneder word, van sy heerlikheid afstand doen, vir ’n tydjie minder as die engele word. Hy moes magteloos word, vir ander se ellende sterf.

En Hy het! Hy het vlees en bloed geword soos mense. So alleen kon Hy die duiwel, wat mag oor die dood gehad het, oorwin. So is ons mense van die vrees vir die dood(straf) bevry (Heb. 2:14-15).

Besef ons die groot genade van God in Jesus Christus? Sy bereidheid om minder as engele te word om vir almal te sterwe? Verstaan ons iets van sy vernedering? Woorde wat in ons harte insny, is barmhartigheid, liefde, minste wees. Dit lei ons gedagtes na Jesus, ons Verlosser. Sy pad van minder word is beloon deur die heerlikheid wat Hy nou besit. Hom kan ons vir sy verlossingswerk eer. Hy is ons troos.

*Sing: Psalm 8-1:3, 4*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)*